

Die Nakoming en geldigheid van die Wet van God.

'n Antwoord op die studie deur Jim Pruitt - "The Insidious nature of false doctrine."

'n Volledige antwoord op die vraagstuk van die Wet kan afgelaai word in ppt formaat by www.padwlewe.ch.

Inleidend

Dit is belangrik om die volgende punte te beskou en as agtergrond te sien vir die studie wat hy gedoen het.

Hy aanvaar en gebruik die Bybelvertalings wat vanuit 'n Griekse "oorsprong" gemaak is en wat ons in 'n volledige DVD en baie stukke as vals bewys het. Yeshua en Sy studentevolgelinge het Aramees gepraat en die ganse Nuwe Verbond is in Aramees geskryf soos ons boek vir boek aangedui het. Die bewyse daarvoor is gratis beskikbaar in ons DVD oor die Aramese oorsprong van die Nuwe Verbond.

Verder word die stuk geskryf vanuit die voorveronderstelling dat die wet weggeval het en nie meer geldig is nie en is dit nie 'n studie om te bepaal of dit korrek is nie.

Ons gaan die Woord van God gebruik - korrek vertaal - om elke stelling te toets wat gemaak word om daarmee saam te stem volgens die Woord as standaard of daarmee te verskil deur dieselfde standaard.

2 Tim 3:16-17 ¹⁶ Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid ¹⁷ sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.

Ek het nie die oorspronklike bladsynommers nie en sal die stellings aanhaal.

In sy stelling oor wat die probleem is, verklaar hy dat dit dieselfde is as wat in die eerste eeu die probleem was en dat Joodse Christene dit op gelowiges wou afdwing. Hy verklaar dat dit genoem word in veral Hand 15 en dat die probleem drieledig is.

1. Alle Christene moet op Saterdag aanbid in plaas van Sondag.
2. Hulle moet hulle onthou van nie-Kosher kosse.
3. Dat die Joodse feeste en vakansiedae steeds gehou moet word.

Dan noem hy dat hierdie uit veral Levitikus kom (en dus wette was) en opdragte was aan die Hebreërs in die "Ou Testament".

Voordat ons na sy hantering van elkeen van die drie "probleme" gaan kyk, is dit belangrik om hierdie stelling te beskou. Is dit regtig waaroor Hand 15 gaan?

Hand 15:1 Manne wat van Y'udah af gekom het, het die broers geleer: "As julle nie besny word, volgens die tradisie van die wet nie, kan julle nie lewe hê nie."

2 Hieroor het daar 'n groot opstand en woordewisseling van die kant van Sha'ul en Bar-Nabba teen hulle ontstaan en daar is besluit dat Sha'ul, Bar-Nabba en nog sekere ander van hulle, sou opgaan na die afgevaardigdes en oudstes in Yerushalayim, in verband met hierdie vraagstuk.

6 Die afgevaardigdes en die oudstes het bymekaargekom om hierdie saak te ondersoek.....

24 Ons hoor dat sommige wat vanaf ons uitgegaan het, julle met boodskappe, wat ons hulle nie beveel het nie, ontstel en julle gees omgekrap het deur te sê dat julle die godsdienstige gebruike moet onderhou en besny moet word.

As ek na hierdie as opsomming van die hele gedeelte kyk, is dit duidelik dat dit gaan oor hoogstens 2 probleme.

1. Besnydenis vir Nie-Jode
2. In vers 24 word ook **godsdienstegebruike** genoem - m.a.w. rituele en beslis nie wette en opdragte nie.

Wat ek wel sien is dat wat hulle wel nog moet doen is die Kosher of afsonderings en reinigingswette:

20 maar aan hulle skryf dat hulle hul moet afsonder van dié dinge wat deur afgode besoedel is, van alle seksuele immoraliteit, van wat verwurg is en van bloed,

Dat hulle steeds die wet moet onderhou, word bevestig:

21 want van die vroegste geslagte af het Moshe diégene, wat hom in elke stad verkondig, terwyl hy elke Shabbat in die bymekaarkomplekke gelees word.^{»Lev 17-19}

Dat hulle steeds tydens Shabbat in die nie-Joodse bymekaarkomplekke bymekaargekom het. Vs 21.

Dit klink vir my asof hier geleer word en wat elkeen van ons maar na kan luister, is dat nie-Jode nie besny moet word nie, hulle hul weerhou van seksuele wangedrag, eet van bloed, wegbly van afgode en diere wat nie volgens voorskrif doodgemaak is nie, maar dat die res van die wet in elk geval vir hulle gelees word, wat hulle ken. **Opsomming:** Hulle het die wet wat op Shabbat gelees word - hulle moet net herinner word aan sekere detail wat belangrik is.

Wat was nou weer die opskrif van Jim Pruitt se studie?

Die listige natuur van vals leringe, was dit?

O K - Ons het dus nou 3 "vals leringe" wat nie voorkom op die plek waarna verwys word nie, maar kom ons kyk steeds na die hantering van die leringe.

Die volgende stelling wat teen die leringe gemaak word, word aangehaal uit **Mat 5:17-20** en daarteenoor gestel met 'n "However, when Christ came, He fulfilled the Law" and "things which were a mere shadow of what was to come were no longer applicable."

Kom ons kyk na die aangehaalde deel:

Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê, **18** want dit is waar wat Ek vir julle sê: 'Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een 'yud' of een 'strepie' van die wet verbygaan, voordat dit alles klaar gebeur het nie.' **19** Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel, **20** want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydigheid en opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie!

In ons taal is daar 'n uitdrukking. "Skiet jouself in die voet." Wat wou hy oorspronklik leer - die wet het verbygegaan? OK kom ons los hierdie korrekte vertaling en ons kyk na ander vertalings, wat die woord "vervul" "Fulfilled" gebruik. Enige ordentlike woordeboek sal jou vertel dat die woord beteken om volledig te maak. As jy iemand stuur om jou glas te vul - gooi hy die glas weg of maak hy hom vol?

Die tweede gedeelte ("things which were a mere shadow of what was to come") kom uit **Kol 2:17** en daar staan niks van weggeval nie, maar oor mense wat jou oordeel as jy dit doen.

Kol 2:16 Laat niemand julle daarom oordeel oor eet of oor drink of oor die uitsondering van 'n fees of 'n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie, **17** omdat hierdie dinge skaduwees is van die dinge wat sou kom, naamlik die liggaam van Die Gesalfde Een.

Ek is nogal gesteld daarop dat ons die Woord reg gebruik en nie ons eie afleidings bysit nie. In nie een van die gedeeltes wat aangehaal word, as 'n geheelbeeld stelling dat die wet weggeval het, kan dit enigsins gesien of afgelei word nie. Die aanname word dus ongegrond en onbewys gemaak dat die wet weggeval het en daarop word die "probleem" punte bespreek. Op hierdie punt moet ons dalk hierdie algemene stelling - dat die wet weggeval het - skriftuurlik gaan ondersoek sodat ons van 'n korrekte vertrekpunt af kan begin.

Eers 'n definisie:

Wanneer hier van die "Wet" gepraat word, word daar van 'n gesamentlike konsep gepraat wat Vader vir ons gegee het om te doen = lewensstandaard en word dit saamgestel uit:

Neg 9:13 "U het ook afgekom op die berg Sinai en met hulle gepraat vanuit die hemel en aan hulle die regte oordele, wette van waarheid, goeie instellings en opdragte gegee."

TORAH תורה / תורה - Wet - Instruksie - rigting.

MITZVAH מצוה - Opdrag - bevel

GUK(KAH) קה - Instelling - voorskrif - verordening

MISHPAT משפט - korrekte oordeel

YESHUA ישוע - Verkorte vorm van 'יהודה' is ons Verlossing.' - Hy is die voortsetting van die verbond.

Rom 11:27 en dan sal My verbond, wat uit My Teenwoordigheid kom, met hulle wees, wanneer Ek hulle sondes vergewe." Yes 27:9

Hierdie is die lewenswyse wat van ons gevra word en ons som dit op as "Wet".

Nou kan ons kyk wat God se verwagting van ons aangaande Sy Wet is.

Deut 12:32 Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; **jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.**

Dit is ons enigste aanvaarbare standaard. Dit wat Hy gegee het, is die enigste en volledige standaard waarvolgens reg en verkeerd en my lewenswyse bepaal kan word.

Kom ons beskou die volgende stellings:

Yog 14:15 As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit.

Yog 15:14 Julle is My vriende as julle alles sal doen wat Ek julle beveel.

1Yog 5:2-3 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en Sy opdragte uitvoer, **3** want dít is die liefde vir God, dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie 'n las nie,

Op die oog af lyk dit asof ek my liefde teenoor God bewys deur gehoorsaam te wees aan Sy opdragte; of anders gestel - as ek nie Sy opdragte uitvoer nie het ek Hom nie lief nie.

Sha'ul het self in die Nuwe Verbond verklaar:

Rom 2:13 - want dit is nie die hoorders van die geskrewe wet wat by God onskuldig is nie, maar die wat die wet doen, word onskuldig verklaar.

Rom 3:31 Verwyder ons daardeur die geskrewe wet deur vertrou? 'n Verwerplike gedagte!
Intendeel, **ons bevestig die wet.**

Dit is vir my duidelik dat die teenoorgestelde van die verklaring dat die wet weggeval het in elke Skrif bewys word. Verder het ek in die vertaling van die ganse Skrif nie een enkele plek gevind waar die God wat die wet gegee het, verklaar dat dit nie meer gedoen hoef te word nie. Oordink asb. die volgende stelling.

Die Enigste ware Skepper God het vir ons Sy wet as 'n ewige opdrag gegee en toe Sy Seun gestuur om dit te breek en te vernietig. Maak dit vir U sin? Vir my ook nie. NEE - Sy wet is ewig, waar en goed. Ons sal dit uitwys teenoor die verdere punte in die studie.

Jim Pruitt gaan nou voort en hanteer die eerste "probleem," nl. die hou van Shabbat en die feeste. Nadat hy die verse genoem het, wat ons een vir een na gaan kyk, verklaar hy dat niemand kan sê dat jy die OT Shabbat moet hou nie en dat jy kan kies wanneer jy dit doen en dat die NT dit nêrens weerspreek nie. Kom ons kyk na die skrifte.

Kol 2:16 Laat niemand julle daarom oordeel oor eet of oor drink of oor die uitsondering van 'n fees of 'n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie,

17 omdat hierdie dinge skaduwees is van die dinge wat sou kom, naamlik die liggaam van Die Gesalfde Een.

As ek dit beskou dan staan daar mos - jy hou die Shabbatte en feeste en eet reg - moenie dat iemand jou daarvoor oordeel nie? Dit is die logika van die sin. Misleiding is so maklik deur die verdraaiing van woorde. Vers **17**: Sê my - is jou skaduwee sleg en negatief? Nee, dit is die afdruk van jou presiese beeld. Lees dit weer - dit is die presiese afdruk van die Liggaam van Yeshua.

Rom 14:5 Daar is een wat onderskei tussen dae en daar is een wat alle dae beoordeel. Laat elkeen in sy eie denke seker wees.

6 Wie ook al watter dag hoog ag, ag dit hoog vir sy Meester en hy wat die dag nie hoog ag nie, ag dit nie hoog nie, vir sy Meester; wie eet, eet tot eer van sy Meester en dank God en wie nie eet nie, hy eet nie, tot eer van sy Meester en dank God,

Leer dit dat elkeen maar kan besluit wat hy hou en wat hy eet? **BESLIS NIE**. Hier is bietjie verduideliking nodig van die konteks. Die konteks en rede vir die gedeelte is of 'n mens kos mag eet wat of aan afgode geoffer is / of nie – twyfel het daarvoor bestaan of dit ge-offer is. Hoe dan? 'n Verduideliking is nodig.

In daardie dae is kos wat aan die afgode geoffer is, op 'n sekere dag van die week uitgesit om gekoop te word. Kos wat op daardie dag gekoop word, kon, of kon dalk nie, aan afgode geoffer gewees het nie; daarom het sommige gelowiges nie kos op daardie dae gekoop nie, net om seker te maak. Ander gelowiges het wel, aangesien hulle geargumenteer het dat, aangesien hulle nie weet of dit aan afgode geoffer is nie, dit aanvaarbaar is.

Dit praat nie van Kosher of rein kosse of van Shabbat nie. Dit is duidelik, want dit is God se wet.

Dit wys die sensitiwiteit van gelowiges teenoor kos wat aan afgode geoffer is. Dit spreek 'n verskil aan of kos op sekere dae, wanneer offerkos aangebied word, gekoop mag word. Ons moet net so sensitief wees oor wat ons eet en doen.

Yog 9:16 Sommige van die Fariseërs sê: “Hierdie man kom nie van God nie, omdat Hy die Shabbat nie hou nie;” ander sê: “Hoe kan 'n sondige mens sulke wondertekens doen?” Daar was verdeeldheid onder hulle.

Hier moet mens oppas dat jy jouself nie in die hoek vas verf nie. As die vers gebruik word om te wys dat Yeshua die Shabbatwette gebreek het, beteken dit Hy het gesondig en kon Hy nie jou Verlosser wees nie, wat beteken dat jy nie een het nie.

Die waarheid is egter dat die stelling deur Fariseërs gemaak word wat hulle eie wette by God se wette gevoeg het en dat volgens hulle, Yeshua een van hierdie eie wette oortree het. Dit gaan oor 'n man wat blind was en gesond gemaak is, net soos dit by 'n ander geleentheid gegaan het oor die pluk van are. Ek daag enige iemand uit om my in die Skrif te wys waar Shabbat of 'n wet van God hier verbreek word. Nee, Yeshua het geen Shabbat wet oortree nie, maar die mensgemaakte wette van die Fariseërs. Ek stem hiermee saam. Mensgemaakte wette wat bygevoeg is, is nie God se wette nie.

Mark 2:27 Hy sê vir hulle: “Die Shabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Shabbat nie.

28 Daarom is die Seun van die mens ook Meester van die Shabbat.”

Lees dit asseblief net soos dit is - sonder vooropgesette idees. Sien jy wat ek sien? Woordeliks?

Die Shabbat is gemaak vir die mens = OK = nie vir die Jode nie, nie vir God se beswil nie, maar vir die mens. Yeshua is Meester oor alles in ons lewe, reg? Ja, Hy is ook Meester van die Shabbat en is dus die Een wat bepaal wat en hoe gedoen moet word.

Die Shabbat is gemaak vir die mens! Is jy 'n mens? Die shabbat is vir jou!

Pruitt het verklaar dat die Nuwe Verbond nie sê dat ons Shabbat moet hou nie en dat die eerste gemeentes dit nie gedoen het nie. Kom ons kyk - Shabbat en feeste.

Heb 4:9 So bly dit dus, **vir die mense van God, om die Shabbat te hou,**

10 want wie ook al in Sy rus ingegaan het, **rus ook self van sy werke net soos God van Syne;**

11 daarom, laat ons moeite doen om **in te gaan in dié rus** sodat ons nie dalk val soos die wat nie oortuig is nie,

12 want **die boodskap van God leef en is in alles genoeg** en skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur tot by die skeiding van lewe, gees, gewrigte en van murg en beoordeel die motiewe en gewete van die verstand, wil en emosie.

As die Bybel nie aangepas was deur die RK en die sg. Griekse oorspronklikes nie, sou mense nie hierdie fout gemaak het nie. Kom ons kyk ook verder na die praktyk.

Ons is ingeplant in die wortelstelsel wat God aan Yisra'el gegee het, (**Rom 11**) en Yisra'el is deur God gekies om Sy wil aan al die volke bekend te maak. Die wet is nie Yisra'el s'n nie, maar hulle is as voorbeeld geroep vir alle nasies.

Ons is nie onder beheer van die wet nie, maar onder beheer van die Gees van God wat Sy wette gee en erken.

Shabbat is nie slegs met die gee van die skriftelike wet ingestel nie, maar is alreeds afgesonder by die skepping: **Gen 2:3** “God seën **die sewende dag** en sonder dit af as afgesonderd.”

Dit kan dus nie net behandel word as 'n wet vir Yisra'el soos mense graag wil nie. Dit geld van nog altyd - hoekom sal dit nou skielik verander en wegval?

Die ware geskiedenis lyk soos volg:

Sondagviering word nagespoor tot 111-138 n.C. toe Romeinse anti-Joodse onderdrukking 'n beleid van apartheid van Joodse gewoontes afgedwing het en nie soos deur sommige beweer, as gevolg van die opstanding van Yeshua op die eerste dag van die week, of dat die eerste Kerk op die eerste dag bymekaargekom het nie. Die Kerk het op Shabbat en Shabbataande na sonder, met ander woorde reeds die eerste dag van die week, (die dag begin en eindig met sonsondergang) bymekaargekom en steeds die Shabbat eerbiedig. Almal is beveel om Sondag te gehoorsaam as respekbetoning aan die songod wat aanbid is; in 321 het Konstantein vereis dat alle onderdane van die Romeinse Ryk Sondag sal hou as “Die dag van die Here” en as 'n dag van rus. Ek wonder hier, voor ons aangaan, watter ‘Here’ hy van praat? Laat ons kyk wat die Bybel sê watter dag is die **“Dag van die Meester.”**

Yes 58:13-14 “As jy, as gevolg van die Shabbat, jou voet wegdraai daarvan om jou eie plesier **op My afgesonderde dag** te doen en **die Shabbat** 'n vreugde, die afgesonderde dag van יהוה' eerbaar, noem en dit eer, deur nie jou eie dinge te doen, jou eie plesier te soek en jou eie woorde te praat nie,¹⁴ **dan sal jy vreugde vind in יהוה'** en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voed met die erfenis van Ya'akov, jou vader, want **die mond van יהוה' het gepraat.”**

Mag ek aanhaal uit die Roomse Kerk se geskrifte en wat hulle verteenwoordigers sê:

The Convert's Catechism of Catholic doctrine - 1957, p50

Q. Which is the Sabbath day?

A. Saturday is the Sabbath day.

Q. Why do we observe Sunday instead of Saturday?

A. We observe Sunday instead of Saturday because the Catholic Church transferred the solemnity from Saturday to Sunday.

Catholic Record Sept 1, 1923

"Sunday is our mark of authority... The Church is above the Bible, and this transference of Sabbath observance is proof of that fact."

Catholic World, March 1894, p.809

"She took the pagan Sunday and made it the Christian Sunday... and thus the pagan Sunday, dedicated to Balder (Baal), became the sacred Sunday sacred to Jesus."

Faith of our Fathers – Cardinal Gibbons

"Of course the Catholic Church claims that the change was her act, and the act is a mark of her ecclesiastical power."

Father Enright, American Sentinel, June 1893

"The Bible says: remember that thou keep holy the Sabbath day. The Catholic Church says: No! By my divine power I abolish the Sabbath day and command you to keep holy the first day of the week. And lo, the entire civilized world bows down in reverent obedience to the command of the holy Catholic Church."

Catholic press (Sydney) Aug 25, 1900

'Sunday is a Catholic institution, and its claims to observance can be defended only on Catholic principles... From the beginning to the end of Scripture there is not a single passage which warrants the transfer of weekly public worship from the last day of the week to the first.'

The Catholic Mirror Sept 23, 1893

'The Christian Sabbath is therefore to this day the acknowledged offspring of the Catholic Church, as spouse of the Holy Ghost, without a word of remonstrance from the protestant world.'

Albert Smith, Chancellor of the Archdiocese of Baltimore

'If protestants would follow the Bible, they should worship God on the Sabbath day. In keeping the Sunday they are following a law of the Catholic Church.'

Kom ons hou op redes soek uit die Bybel uit - dit is die redes vir die veranderinge. Dit is mense se besluite en het niks te doen met die opstanding of watter rede ookal nie.

Lutheran:

The Augsburg confession

"The observance of the Lord's day (Sunday) is founded not on any command of God, but on the authority of the church."

Presbyterian:

N L Rice – The Christian Sabbath p60

"A change of the day to be observed from the last day of the week to the first. There is no record, no express command, authorizing this change."

Methodist:

H F Rall, Christian Advocate July 2, 1942

"Take the matter of Sunday... there is no passage telling Christians to keep that day, or to transfer the Jewish Sabbath to that day."

Congregationalist:

Dr. R W Dale – The Ten Commandments pp100-101

“It is quite clear that however rigidly or devoutly we spend Sunday, we are not keeping the Sabbath...There is not a single sentence in the New Testament to suggest that we incur any penalty by violating the supposed sanctity of Sunday.”

Anglican:

Rev Lionel Beere, Church and people Sept 1, 1947

“Many people think that Sunday is the Sabbath, but neither in the New Testament nor in the early church, is there anything to suggest that we have any right to transfer the observance of the seventh day of the week to the first. The Sabbath was and is Saturday and not Sunday.”

Baptist:

Dr Edward T Hiscox (author of the Baptist Manual) New York Ministers conf., Nov 13, 1893

“There was and is a commandment to keep holy the Sabbath day, but that Sabbath day was not Sunday...There is no scriptural evidence of the change of the Sabbath institution from the seventh day to the first day of the week.”

Hoe Rooms / heidens is jou godsdiens en die praktyke in jou Kerk? – voor jy antwoord – Wie het; en om watter rede is; die Shabbat na Sondag verskuif?

Laat ons kyk na sommige skrifte uit die Nuwe Verbond oor die eerste dag van die week en wat mense gedoen het.

Mat 28:1, Mar 16:1,2, Luk 24:1– Die 2 Miryams het gekom om die graf te sien en die liggaam te salf – dit sou volgens die wet werk wees wat hulle hier op ‘n Sondag (die eerste dag van die week) wou doen. Hulle het dan juis gewag dat die Shabbat verby is? Maak dit enigsins sin? Dit nogal in die Nuwe Verbond.

Mar 16:9, Yog 20:17– Yeshua het opgestaan en aan ‘n vrou ‘n opdrag gegee om ‘n boodskap te neem vir Sy volgelinge om op 'n ver plek bymekaar te kom op die eerste dag (Sondag) – die bring van 'n boodskap en so ver loop, is werk.

Dit is hier belangrik om te noem dat God elke dag met sonsondergang laat begin het. Die eerste dag van die week begin dus met sonsonder op Shabbataand.

In **Hand 20:7** en op ander plekke, as gesê word dat hulle op die eerste dag van die week bymekaargekom het, moet ons onthou dat die Joodse (en God se) dag met sonsondergang die vorige dag begin. Hulle het heel moontlik met die afeindiging van die Shabbat, Shabbataand, wanneer Jode tradisioneel bymekaar kom en ‘n ligte maal saam nuttig, ontmoet.

Mat 24:20 – verwysing word na 70 en 135 na Yeshua gemaak met ‘n gebed dat die ontvlugting nie op ‘n Shabbat moet wees nie! Yeshua het geweet dat Shabbat in 70 en 135 na Yeshua nog steeds Shabbat sou wees. Die misleidende leuen dat die eerste kerk tydens Sondaie bymekaargekom het, het ons almal van die waarheid van die Woord af laat wegtrek. Ek wil dit verklaar sonder enige verkeerd verstaan: die kind van God tydens die eerste 2 eeue het die Shabbat gehou en gehoorsaam, Sinagoges besoek en daarna, as verlostes, die aand bymekaargekom, brood gebreek, as herinnering aan Yeshua se liggaam en die vrug van die druif gedrink as herinnering aan Sy bloedverbond en dan saam geëet.

Hand 13:42,44 – Hier is dit absoluut verseker dat Sha’ul vir Jode en nie-Jode op die Shabbat geleer het. Sha’ul en die eerste kerk het Shabbat gehou.

Aangesien al hierdie verwysings uit die Nuwe Verbond kom, kan ek nie anders as om te verklaar dat Mr Pruitt se navorsing nie sy radikale stellings ewenaar nie. Ek haal met opset nie vir Josephus en ander aan om te bewys dat Shabbat gehou is, soos hulle wys nie, maar bly by die skrif. Ek laat dit aan uself oor om te besluit. Ek verkies Vader se opdragte in Sy Woord.

Die volgende "probleem" wat hy hanteer handel oor die reinigings en koswette.

Hy noem Kol 2:16 en 17 weer so ek herhaal die gedeelte bo:

Kol 2:16 Laat niemand julle daarom oordeel oor eet of oor drink of oor die uitsondering van 'n fees of 'n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie,

17 omdat hierdie dinge skaduwees is van die dinge wat sou kom, naamlik die liggaam van Die Gesalfde Een.

As ek dit beskou dan staan daar mos - jy hou die Shabbatte en feeste en eet reg - moenie dat iemand jou daarvoor oordeel nie? Dit is die logika van die sin. Misleiding is so maklik deur die verdraaiing van woorde. Vers **17**: Sê my - is jou skaduwee sleg en negatief? Nee, dit is die afdruk van jou presiese beeld. Lees dit weer - dit is die presiese afdruk van die Liggaam van Yeshua.

Mark 7:18 en Hy sê vir hulle: "Is julle net so sonder begrip. Weet julle nie dat niks wat van buite af in die mens ingaan, hom onrein kan maak nie

19 omdat dit nie ingaan in sy verstand nie, maar in die maag en in privaatheid uitgewerp word, wat alle kos reinig?

20 Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein,

21 want uit die binneste, uit die verstand, wil en emosie van die mens, kom die bose gedagtes: egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, moord,

Basiese begrip in die Skrif hang af van - Wie het dit gesê - Waar en om watter rede, vir wie. Die rede vir die gesprek gaan oor vs 2. Die studentevolgelinge het nie hulle hande gewas nie. **Dit gaan glad nie oor die brood wat hulle eet, of dit kosher is al dan nie.** Let op – dit is belangrik om te let op die rede vir die gesprek. Dit gaan glad nie hier oor wat rein is nie, maar oor die eksterne onrein raak van kos (wat rein is) soos brood, deur met ongewaste hande te eet. Dit is 'n afgeleide, wel goeie, gebruik en wet van die Fariseërs en nie in die Skrif nie.

Dit is waarteen Yeshua praat. Was van die hande maak jou nie rein of onrein nie, maar jou gesindheid en wat as gevolg daarvan uit jou mond uitgaan. Die kos wat met skoon hande en vuil hande geëet word volg dieselfde pad met die selfde gevolg.

1 Tim 4:3-5

3 Hulle verbied om te trou en onthou hulle van kos wat God geskep het om met dankbaarheid gebruik te word deur die wat vertrou en die waarheid ken,

4 want elke ding wat deur God geskep is, is goed en niks is verwerplik as dit met dankbaarheid ontvang word nie,

5 want dit word afgesonder deur die boodskap van God en gebed.

Let asseblief mooi op dat **hy praat van kos wat geskep is om te eet** - nie onrein kos nie. Gifappels is ook geskep! Jy kan nie alles wat geskep is eet nie - so die gedeelte geld vir dit wat God as kos geskep het. Dit staan mos duidelik daar?

Hy haal net vers 14 aan, maar ons kyk na meer.

Rom 14:14 Ek weet en is oortuig daarvan deur יהוה-Yeshua dat daar niks is wat in ditself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom alleen is dit onrein.

15 As jy jou broer deur kos grief, leef jy nie in liefde nie. Moenie deur jou kos, hom vir wie Die Gesalfde Een gesterf het, vernietig nie

16 en laat so nie kwaad gepraat word van wat vir ons goed is nie,

Dit wys dat dinge nie onrein is vir gesondheidsredes alleen nie - nie uit ditself nie.

Dit het ook te doen met wel eetbare kos wat deur sommige as oneetbaar beskou word soos vegetariërs nie vleis eet nie. Hulle moet dus nie sleg praat van wat ek as goed beskou nie. Geen ware kind van God sal goed noem wat Hy sleg genoem het nie - so dit kan nie geld vir onrein kos nie. God se wet en opdragte kom eerste.

Kol 2:20 want as julle saam met Die Gesalfde Een die beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom leef julle nog asof julle in die wêreld geoordeel word:

21 moenie raak nie, moenie proe nie, moenie vashou nie?

22 Dit is alles dinge wat vernietig moet word **en die opdragte en leringe van mense is**

23 en van buite lyk of hulle die woorde van wysheid het, in die skyn van nederigheid en aanbidding van God en sonder die spaar van die liggaam; nie in dinge van eer nie, maar in die behoeftes van die liggaam.

Ek kan nie verstaan dat ons nie die onderskeid kan tref tussen mense en God se wette en instellings nie. Dan wil ons die Bybel op mense se instellings toepas. **Jy hoef geen mense instellings en wette te volg nie! Dit praat glad nie van God se wette nie - dis tog duidelik.**

1 Kor 8:7 Nie almal het dié kennis nie. Meer nog, sommige wat nou nog bewus is van die afgod, eet dit as 'n afgodsoffer en hulle gewete, wat swak is, word besoedel,

8 maar kos bring ons nie nader aan God nie, want as ons eet, baat ons niks nie en as ons nie eet nie, verloor ons niks nie.

Hier het hy besluit om net vers 8 aan te haal wat die rede vir die vers dan verbloem. Dit gaan oor afgodsvleis en offers.

Wat my bekommerd maak is dat aan die einde van hierdie verse 'n stelling gemaak word soos:

"Again, these verses are self-explanatory and you will find nothing in the New Testament which offers any contradictory stance concerning food. Jesus declared all foods clean. The dietary restrictions delineated in Leviticus no longer apply."

Wat jy waar kry?? - soos ons uitgewys het verklaar die verse dit glad nie. Ek gaan vir u meer gee.

Die volheid van Yisra'el se lewe is ge-organiseer deur reinigings-wette en standaarde.

Dit beteken dat die tabernakel / tempel se reinheid ge-ewenaar word deur die reinheid van die priesterdom, maar ook deur die van die land, die huishouding, die fisiese liggaam en wat aangeraak of geëet mag word.

Dit pas alles in 'n sisteem van reinheid wat met Yahuah se afgesonderdheid / reinheid identifiseer :

“Julle moet afgesonderd wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd en Ek het julle van die volke af afgesonderd om Myne te wees.” **Lev 20:26.**

Lees asb Lev 11 en Deut 14 met die gedagte dat dit voorskrifte is vanaf Hom wat omgee vir wat die beste is vir jou.

Enige iets wat onrein of vuil was, moes eers gewas of skoongemaak word voordat dit in Vader se Teenwoordigheid kon kom en aanvaar kon word; daarom moes ons eers deur die offerbloed van Yeshua gewas word voordat ons in Vader se Teenwoordigheid aanvaar kon word.

Nou kan u verstaan hoekom hierdie so 'n belangrike lering is. Ons wil mos nie enige iets doen wat ons skei van die Teenwoordigheid van Vader nie. Dit is ook wat mense nie verstaan in verband met die reinigings- en koswette nie. Dit is nie oor goed wat skielik “sleg” is nie, maar gaan oor wat aanvaarbaar is in die Teenwoordigheid van 'n Afgesonderde God.

Die ander belangrike onderskeiding in die Skrif is tussen eksterne onreinheid = dinge wat onrein gemaak word EN inherente onreinheid = iets wat om 'n rede in homself onrein is.

Hierdie is belangrik, want soms praat die skrif van die verskil tussen hierdie twee en dan word dit misverstaan as verwysend na wat inherent onrein is. bv.

Mat 15:1 Toe kom daar Fariseërs en leraars van die wet vanaf Yerushalayim, na Yeshua toe en sê:
2 “Waarom oortree U studentevolgelinge die tradisionele wet van die oudstes en was nie hulle hande wanneer hulle brood eet nie?”

Let op – dit is belangrik om te let op die rede vir die gesprek. Dit gaan glad nie hier oor wat rein is nie, maar oor die eksterne onrein raak van kos (wat rein is) soos brood, deur met ongewaste hande te eet. Dit is 'n afgeleide, wel goeie, gebruik en wet van die Fariseërs en nie in die Skrif nie. Dit gaan nie oor wat inherent onrein is om te eet nie. Niemand het fout gevind met die brood nie. As ons dit verstaan is daar geen probleem met die gedeelte nie.

Yeshua se antwoord bewys weereens waaroor dit gaan:

3“Waarom oortree julle ook die opdragte van God ter wille van julle tradisionele wet?

Dit gaan oor mensgemaakte wette teenoor God se wette. In vs 11 verduidelik Yeshua dat dit nie gaan oor vuilgoed wat dalk deur jou hande in jou mond ingaan nie, maar oor jou hartsgesindheid, oor dit wat uit jou uitgaan. Kyk na die vers en u sal nou verstaan.

Rein is dus dit wat aanvaarbaar is in die Afgesonderde Teenwoordigheid van Vader. Dit is Sy Skepping – Hy besluit wat is aanvaarbaar, ons gehoorsaam net, maar geen mens het die reg om sy eie wette by te sit nie.

Verder sien ons dat daar 2 soorte onreinheid is:

1. Inherente onreinheid - ewig dieselfde - onveranderlik
2. Eksterne onreinheid – tydelik en veranderbaar.

Redes vir die Reinigings- en Koswette

1. 2 Tim 3:16-17

Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydigheid en opregtheid sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.

Dit beklemtoon die afgesonderdheid wat Vader vir ons in gedagte het om volmaak voor Hom te staan sodat ons die volheid van Sy krag het. Ons is nou die tempel en om iets onrein te eet is soos om iets onrein te offer of in die tempel in te bring. Dit gaan nie oor wat ek van hou nie. Dit gaan oor die afgesonderde lewe wat Hy vir my begeer. As jy 'n kind van God is, sal jou begeerte wees om Hom tevrede te stel en te gehoorsaam en nie jou eie voorkeure en begeertes nie.

2. Die tweede rede is Higiëniese of gesondheids redes.

As ons die tempel van Sy Gees is, is daar net sekere dinge wat sleg is vir ons en dan kyk ons nie behoorlik na die tempel nie. Interessant dat die mediese en voedsel wetenskappe die

ongesondheid van vark en ander onrein kosse gedokumenteer het, sonder dat mense daarop ag gee.

3. Vir my die belangrikste rede:

Vader het so gesê en dit is vir my genoeg. Dit is nog nooit gekanseleer nie.

Om te sê dat Yeshua enige daarvan gebreek of geleer het dat dit nie meer geldig is nie, is Godslasterlik, want dit maak Hom 'n wetsoortreder en dus kan Hy nie u en my Verlosser wees nie. My Verlosser het geen wet gebreek of geleer dat ek dit mag breek nie.

Dink asseblief mooi oor hierdie woorde!!!

Ons verlossing hang daarvan af – Yeshua het geen wet oortree nie en sou nooit geleer het dat dit gebreek mag word nie. Dan is die logiese gevolgtrekking mos dat dit nog geldig is. Niemand behalwe die een wat 'n wet ingestel het, mag dit kanseleer nie. Maak nie saak wat die kerk of enige persoon leer nie; God het nie Sy wet van afgesonderde lewe herroep nie.

Dit wat ekstern onrein is, kan gereinig word. Soos die melaatses waarvan baie voorbeelde in die Skrif is. Omdat dit hoogs aansteeklik is, was die wet ook gewees moenie aan dit raak nie anders word jy ook besmet = onrein. Die persoon kan egter deur die krag van God genees word – dan is hy rein. U en ek was onrein – sondig – besmet met die skuld van sonde. Yeshua het met Sy bloed die vuil weggewas en met Sy lewe die offer gebring. Nou is ons rein en waardig om in Sy Teenwoordigheid te lewe.

Die vark, krokodil, kreef, garnaal, volstruis, bloed ens. is inherent onrein verklaar en niks kan dit rein maak nie – soos baie ander.

Dit is om te sê dat as ek vir sonde bid dan is dit nie meer sonde nie. Dit eet vuilgoed en afval en watter ander rede Vader van weet en ons nie, dit is nie skoon en waardig in Sy kind se lewe nie.

Ons het meer as drie getuies in die Nuwe Verbond hier bo vir u verklaar en gewys dat hulle Vader se wet en standaard in Lev 11 en Deut 14 bevestig en volhou.

Dit is nie gesond vir jou nie.

Dit maak die tempel (jou liggaam) onrein.

Dit is nie Vader se wil nie.

Yog 8:31-32 Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: “As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.”

Ek is verantwoordelik vir my liggaam, daarom let ek op wat en hoeveel ek eet. Ek koop nie vark, volstruis of krokodil vleis nie en as Vrystater hou ek in elk geval nie van garnale en kreef nie! Al hierdie dinge en baie meer is van die diere wat יהיה aan Moshe as onrein verklaar het en reeds vanaf Noag as onrein beskou is. Hoe anders het hy geweet watter diere om sewe van te vat? Hierdie diere is inherent onrein deur hulle eetgewoontes.

Laat ons nooit ander oordeel oor sulke dinge wat nie die rede van my verlossing, deur die onverdiende bloed van Yeshua alleen, is nie. Let ook op die **volledige leer** oor enige saak en nie net een verwysing nie. Ek glo ook daar is heelwat meer hieroor te sê vir volwasse kinders van Vader.

Kan ons hierdie deel afsluit met 'n skrif in Yesha'yahu wat verwys na die laaste dae se oordeel en straf. Let versigtig op en gaan vra vir Vader wat dit vir jou beteken.

Yes 66:16 want יהוה sal met vuur en met Sy swaard oor alle vlees oordeel vel en hulle wat deur יהוה verslaan is, sal baie wees.

17 "Die wat hulleself afsonder en hulleself reinig vir die tuine, terwyl hulle die een wat in die middel staan, wat varkvlies, verwerplike dinge en muise eet, volg, sal almal saam tot 'n einde kom," verklaar יהוה,

18 want Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom om al die nasies en tale te versamel en hulle sal kom en My Gemanifesteerde Teenwoordigheid sien.

Valse leer is waarlik 'n misleiding.

Die volgende bytende en los stelling voordat met die volgende "probleem" aangegaan word, is:

How Is It That You Compel The Gentiles To Live like Jews?

Dit wys en openbaar die onkunde en gebrek aan studie oor die onderwerp. Nie ek of enige Waarheidsleraar probeer enigsins so iets doen nie. Dit is 'n wankonsep en skeep verwarring. Wat ons wel poog om te doen is om almal, Jood en nie-Jood, volgens Vader se standarde en beginsels te laat leef. Ek volg geen Joodse wet, Joodse Fees, Joodse gebruik of Joodse standaard nie, maar die Bybelse, Godgegewe standarde, feeste en opdragte. **Rom 8** verklaar dat hy wat dit nie doen nie is vyand van God.

Rom 8:7 omdat die gedagtes van die vlees **vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie**, want dit is ook nie moontlik nie.

Ek stel voor u gaan lees die hele gedeelte.

Ons het klaar die valse aanhaling en afleidings oor Hand 15 uitgewys. Ons het ook klaar die volgende stelling wat gemaak is veelvoudig weerlê.

"I can find no indication in the New Testament or in historical records of the early church of any time where Christian Gentiles were instructed to do so. If it is not mentioned much less commanded in the New Testament, why is it important for us to reinstitute it now?"

Ek dink tog dit is nodig dat ons sonder kommentaar 'n paar verse uit die Skrif aanhaal. Besluit self of hierdie misleidende stelling waar is. Wat die "*historical records*" betref kan ons ook heelwat geskifte aanhaal, maar het besluit om hier by Sy Woord te bly.

Rom 2:12 Hulle wat sonder die geskrewe wet gesondig het, sal ook sonder die geskrewe wet vernietig word en hulle wat die geskrewe wet oortree het, sal deur die geskrewe wet veroordeel word, **13** want dit is nie die hoorders van die geskrewe wet wat by God onskuldig is nie, maar **die wat die wet doen**, word onskuldig verklaar.

1 Yog 3:23 Dit is Sy opdrag: dat ons moet vertrou in die Outoriteit en Karakter van Sy Seun, Yeshua, Die Gesalfde Een en mekaar voortdurend liefhê soos Hy ons beveel het **24** en wie ook **al Sy opdragte uitvoer, word deur Hom beskerm** en Hy bly in hom. Hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gee.

Yog 14:15 As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit.

Mat 5:17-19 Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te vernietig nie. Ek het nie gekom om te vernietig nie, maar **om volledig te maak, 18** want dit is waar wat Ek vir julle sê: **'Totdat** die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie **een 'jud' of een 'strepie'** van die wet verbygaan, voordat dit alles klaar gebeur het nie.' **19** Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel,

1 Yog 2:6 Hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het.

Mat 26:2 "Julle weet oor twee dae is die Pesag en die Seun van die mens sal oorgelewer word om gekruisig te word." **18** Hy antwoord: "Gaan na die stad, na 'n sekere persoon en sê vir hom: 'Die Leermeester laat weet: My tyd is naby, Ek sal saam met My studentevolginge by jou die Pesag hou'."

1 Kor 5:7-8 "Gooi daarvolgens die ou suurdeeg uit sodat julle 'n nuwe deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurde brood is, want ons Pesaglam, Die Gesalfde Een, is vir ons geslag. **8 So laat ons dan die fees hou**, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van boosheid en bitterheid nie, maar met die suurdeeg van reinheid en afgesonderdheid."

Hand 24:14 "tog erken ek voor u, dat ek volgens die leer waarvan hulle praat, die God van my vaders dien, terwyl ek voortgaan om **alles te vertrou wat in die wet en in die profete geskrywe is**,"

Hand 25:8 "Tot sy verdediging het Sha'ul gesê: "Ek het **geen oortreding teen die wet van die Jode** of teen die tempel of teen die keiser begaan nie."

Hand 20:16 "want Sha'ul het besluit om by Efesos verby te vaar sodat hy nie in Asië tyd sou spandeer nie, want hy het gou gemaak om, as dit vir hom moontlik was, die fees van weke (Shavu'ot) in Yerushalayim te vier."

Hand 18:21 "Dit is altyd nodig vir my om die opkomende fees in Yerushalayim te vier en as God wil, sal ek weer na julle toe terugkom."

1 Kor 16:8 maar ek sal in Efesos bly tot die Fees van weke (Shavu'ot),

Hand 15:9 Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle verstand, wil en emosie gereinig het deur vertrou.

Hand 15:20 maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet afsonder van die dinge wat deur afgode besoedel is, (**'n verbreking van die 2de wet**) van alle seksuele immoraliteit, (**Uitbreiding op die wet van egbreuk**) van wat verwurg is (**'n heidense manier om diere dood te maak**) en van bloed, (**Gen 9:3**) **21** want van die vroegste geslagte af het Moshe diégene, wat hom in elke stad verkondig, **terwyl hy elke Shabbat in die bymeakaarkomplekke gelees word.**"

Kom ons bekyk 'n vers wat in beide Tanakh en Nuwe Verbond staan.

Deut 8:3b "om julle te laat verstaan dat die mens nie deur brood alleen leef nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van יהוה af uitgaan."

Heb 4:9 So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou,

Mat 4:4 "Hy antwoord egter: "Daar is geskrywe: 'n mens leef nie van brood alleen nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God kom'."

Die wet het vanuit die mond van יהוה gegaan net soos die beloftes en die waarskuwings. As ek die wet en opdragte van God nie aanvaar nie - hoe durf ek dan die beloftes en waarskuwings aanvaar? Dan is niks meer geldig nie – ‘n Verwerplike gedagte!!

Ek het met opset net Nuwe Verbond aangehaal. 'n Volledige studie uit die ganse Skrif is op DVD beskikbaar: www.padwlewe.ch/aflaabaar

"Most that claim Torah is abolished or of little importance do so with virtually no understanding of what Torah is. This is almost always the case within Constantinian Christianity as Christian leaders preach against the relevance of Torah without having ever really studied it in-depth! They shamelessly blaspheme God's eternal teachings from a position of blatant and fearless ignorance. Christians and Christian leaders are grossly ignorant of Torah, yet do not hesitate to vigorously defame it."

Hierdie stelling blyk waar te wees as ons die getuienis teen die blatante vals aannames gaan meet.

Gal 2:13-16 word aangehaal. Hier is vs 16 wat die stelling maak. Sy punt is ons word nie deur die wet gered nie. **16** weet dat die mens nie onskuldig verklaar word vanuit die doen van die geskrewe wet nie, maar deur vertrou in Yeshua, Die Gesalfde Een. Ons het ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, vertrou sodat ons onskuldig verklaar kon word vanuit vertrou in Die Gesalfde Een en nie vanuit die doen van die geskrewe wet nie, omdat deur die doen van die geskrewe wet geen mens onskuldig verklaar sal word nie,^{Ps 143:2}

Niemand het beweer dat ons deur die wet gered word nie, maar deur die bloed van Yeshua en gehoorsaamheid of hoe verklaar jy:

Ya'akov 1:22 Wees ‘n doener van die boodskap en nie net ‘n hoorder wat jouself mislei nie, **23** want as iemand ‘n hoorder van die boodskap is en nie ‘n doener nie, is hy soos ‘n man wat sy gesig in ‘n spieël sien, **24** want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het, **25** maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard, omdat hy nie ‘n vergeetagtige hoorder is nie, maar ‘n doener van die daad, sal geseënd wees in wat hy doen.

2:8 As julle die geskrewe wet van God hierin uitvoer soos dit geskryf is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,^{Lev 19:18} dan doen julle goed, **9** maar as julle partydig is, doen julle sonde en word julle deur die geskrewe wet veroordeel as oortreders van die geskrewe wet.^{Deut 1:17} **10** Wie ook al die hele geskrewe wet gehoorsaam, maar in een ding struikel, word deur die hele wet skuldig bevind,^{Lev 4:2} **11** want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, het ook gesê: Jy mag nie moord pleeg nie.^{Eks 20:13; Deut 5:17} As jy nie egbreuk pleeg nie, maar moord pleeg, het jy ‘n oortreder van die geskrewe wet geword. **12** Julle moet aanhou om só te praat en só te doen soos mense wat deur die geskrewe wet van vryheid geoordeel sal word, **13** want die oordeel is sonder verskoning teenoor die wat nie liefdevolle omgee gee nie; met liefdevolle omgee het jy heerskappy oor die oordeel. **14** Wat is die voordeel, my broers, as iemand sê dat hy die ‘geloof’ het, maar hy het nie die daad nie? Kan sy ‘geloof’ hom red?

21 Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy daade onskuldig verklaar toe hy Yitz'gak, sy seun, op die altaar gesit het nie?^{Gen 22:1-19} **22** Sien jy dat sy vertrou sy daade bevestig het en dat sy vertrou volmaak geword het deur daade? **23** Die Skrif is vervul wat sê: "Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydigheid en opregtheid gereken^{Gen 15:6, Rom 4:3} en hy is 'n vriend van God genoem."^{Yes 41:8; 2 Kro 20:7} **24** Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur daade en nie alleen deur die 'geloof' nie?

Weer verklaar hy dat hy dit nêrens sien nie!!

Iemand het gesê: As jy 'n leuen lank genoeg en hard genoeg herhaal sal almal dit glo - miskien jyself ook.

Rom 14 word volgende aangehaal en gebruik om die verklaring te maak dat elkeen sy eie keuse oor hierdie dinge kan maak en nie ander moet oordeel wat andes besluit nie. Ons het reeds breedvoerig van die punte aangehaal, maar ek wil graag een verdere standaard uitlig bo en behalwe die feit dat ek en jy nie ons eie standarde kan stel oor wat God beveel het nie. Ek stel dit weer - my keuses is slegs binne dit wat God beveel het. Ek kan nie kies of ek vark, krokodil of volstruis wil eet nie. Hy het dit klaar verbied. Hierdie stelling word bewys in **Vs 12**: "Daarvolgens sal elkeen van ons aangaande sy lewe aan God rekenskap gee." Om die punt te stel gaan ek weer 'n gedeelte aanhaal wat ons reeds oor gesels het:

1 Tim 4:3-5

3 Hulle verbied dat jy trou en onthou hulle van kos wat God geskep het om met dankbaarheid gebruik te word deur die wat vertrou en die waarheid ken,

4 want elke ding wat deur God geskep is, is goed en niks is verwerplik as dit met dankbaarheid ontvang word nie,

5 want dit word afgesonder deur die boodskap van God en gebed.

Ek vra dat jy mooi kyk na vers 5. Die kos is rein en word afgesonder deur gebed - ja. Beteken dit ek kan bid vir netels en dit dan eet? Verregaande. Die 2 standarde moet saam gebruik word. Die Boodskap of Woord van God en gebed. As die Woord dus nie saamstem nie kan God dit nie "overtule" as jy bid nie. Miskien moet 'n mens 'n hele rukkie by hierdie vraag vassteek en seker maak Vader se antwoord is vas in ons gees.

Alles wat ons leer hang hiervan af. Is dit deur die Woord van God geleer?

Hy haal dan redes aan wat mense aanhaal hoekom hulle anders eet ens. en dit is nie God se redes nie. Ek volg Sy standarde op alle plekke en eer Hom daardeur, nie mense nie. Ek stem saam, dit is nie redes hoekom ons dinge doen of nie; ons rede is omdat Vader so gesê het!

Die vraag word gevra - Wat is dit om soos Yeshua te leef?

"Another rationalization given for these doctrines is that they make you more "Christ-like" since these were behaviors that we believe Jesus observed since he was, after all, Jewish. However, if that is the reason for doing these things then where does it end? There are many rituals and customs which were commanded by God in the Old Testament and which were observed by the Jews of Jesus' time."

Die eerste aanname wat hier gemaak word is dat Yeshua se optrede deur Sy Joodse-kultuur gedryf was. Die tweede is dat die opdragte van die Bybel in die Tanakh (OT) rituele en gebruike was en nie opdragte nie. Hierdie is veral gevaarlik omdat die mens dan kan kies wat gebruike was en wat was opdragte.

Ek wil begin deur 1 Yog 2:3-8:

Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. ^{Eks 19:5} **4** Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, **5** maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: **6** Hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. **7** Julle vir wie ons lief is, dit is geen nuwe opdrag wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou opdrag, wat julle van die begin af gehad het. Die ou opdrag is die boodskap wat julle gehoor het ^{Lev 19:18} **8** en tog skryf ek aan julle 'n nuwe opdrag, wat waar is in Hom en in julle, dat die duisternis verby is en die waaragtige Lig begin skyn.

Ek lees dat ek moet leef soos Hy - nie kultureel nie - maar geestelik, volgens al Sy standaarde. Vs 7 - nie iets nuuts nie - maar soos wat ons die standaarde reeds lankal het in die Tanakh.

Verder sien ek geensins hier dat enige van die opdragte wat Yeshua uitgeleef het net vir die Jode en vir Sy tyd is nie - Nee dit is steeds geldig. Hierdie is 'n algemene verskoning waarmee mense hulleself verskoon waarom hulle nie Sy opdragte uitvoer nie. Ek vind egter geen bewys daarvoor in die Skrif nie, maar die teenoorgestelde. Indien Yeshua een wet oortree het kon Hy nie die Mashiag - Die Gesalfde Een wees nie. Ons het reeds die verse, dat Sy wet steeds geldig is, vir u gegee.

Die verse wat nou gegee word om te bewys dat dit net kultuur gebruike was is interessant - kom ons kyk daarna.

Lev 11,12 en 15 word aangehaal aangaande onreinheid oor sekere dinge.

Onreinheid in die Bybel hou direk verband met die Tabernakel en die Afgesonderdheid van God.

Die onderstaande vers wys ook 'n vb. van hoe ernstig dit is en as bewys van wat ons sê.

Lev 7:21 Wanneer iemand aan iets onreins raak; aan die onreinheid van 'n mens of aan 'n onrein dier of enige verwerplike onrein ding en dan eet van die vleis van die vredesooffer wat יהיה toekom, dié persoon moet van sy volksgenote afgesny word.”

God se Afgesonderdheid verhoed onrein diere om in die Tabernakel - Tempel in te kom - daarom kan ons as Tempel van die Gees dit ook nie in ons Tempel laat kom nie. Wat is die mens se reg om te vra "hoekom" as God bepaal het Hy dit nie daar wil hê nie? DVD no 8 hanteer die vrae meer in diepte. Verder - is die "tot die aand" 'n bewys dat dit tot die einde van die dag is - wanneer hulle gaan was en skoonmaak het, behalwe die seksuele en menstruale onreinheid wanneer die persoon hom dadelik moet gaan was. Wat is ons probleem daarmee?

Ek gaan hulle in baie kort hanteer soos hy die verse noem - bestudeer asb in diepte en sien self die verdraaiing van die waarheid en die voorveronderstelling waaruit gewerk word. 'n Bietjie studie sal die teenoorgestelde wys. **Wat is mense se probleem daarmee om Vader se wil te doen?**

Ja dit is alles steeds geldig - en elkeen sal deur Vader self gedood word. Wraak en straf vir Sy wet kom ons nie hier op aarde toe nie, maar elkeen van hulle staan veroordeeld deur ons voorbeeld.

- * Women can't wear men's clothing and vice-versa (Deut 22:5)
 - Dit is korrek en steeds geldig. Die man se outoriteit is onder andere ook in sy klere ingewef en dit is waar die TzitTzit vandaan kom. Hoekom wil enige een nie wees wat hy/sy is nie?
- * It is forbidden to wear a garment where wool and linen are mixed (Deut 22:11)
 - Hierdie is 'n besondere geval waar 2 antwoorde is.
 1. Die afgodspriesters het so lappie gehad waarop hulle gewerk het en daarom is dit verwerplik.
 2. Twee soorte stof wat **innemekaar** gewef is rek en krimp verskillend en skeur die kledingstuk uitmekaar - jy sal vandag ook nie linne en wol gemengde stowwe kry nie.
- * You can't eat the fruit of a tree for the first three years after you plant it (Lev 19:23)
 - Baie goeie landboupraktyk. Dit is egter ook gegee vir die volk om hul afhanklikheid van Vader nie te vergeet nadat hulle die beloofde land ingegaan het nie. Toets dit - dit is steeds goed.
- * Anyone who works on the Sabbath shall be put to death (Eks 35:2) - bo geantwoord.
- * Anyone who curses their mother or father, commits adultery, or has sexual relations with someone in their immediate family or of the same sex will be put to death (Lev 20:9-13)
 - Amen en dit sal steeds wees. Moet God nie tart nie.
- * If you're in fulltime ministry, then you can't shave your head or trim your beard (Lev 21:5)

5 Hulle mag geen bles deel op hul koppe maak nie, die rand van hulle baard nie weg skeer en geen snye maak in hulle vlees nie. - Probeer 'n beter vertaling. Hierdie was praktyke deur die Ba'al en afgodspriesters en hulle het patrone in hulle baarde en hare gesny. Die verwysings is daarna en nie na haarsny. Kennis van Sy wet wys die teenoorgestelde en korrekte maier. **Yeg (Eze) 44:20 Hulle mag ook nie hulle koppe kaal skeer nie, nogtans moet hulle nie hulle hare lank laat groei nie; hulle moet die hare van hulle kop net korter sny.** Bewys is ook in die Skrif self, wat die man nie toelaat om te bedien met lang hare nie en wat vir Vader 'n verwerplikheid is. **1 Kor 11:14** - Of leer die natuur self julle nie dat as 'n man sy hare laat groei, dit vir hom 'n oneer is nie.
- * If you have a garden or are a farmer, then every seventh year you are forbidden from sowing any seed, gathering any crops, or weeding and trimming (Lev 25:4,5)
 - Selfs die Landbouwetenskap stem daarmee saam. Die probleem is dat mense Vader nie meer kan vertrou om vir hulle te sorg nie en daarom breek hulle Sy wette om dit self te probeer doen. Soos baie ander sal jy goed doen om eerder gehoorsaam te wees.

Die grootste probleem is dat dit vir die mens makliker is om dinge te doen soos hulle wil. Nou soek ons verskonings hoekom ons nie Sy wil doen nie.

Kyk na sy stelling: "These are just a handful of the restrictions found."

God se opdragte is nie beperkings nie maar is goed vir ons omdat Hy die beste weet. As ek Sy wette as beperkings sien, dan aanvaar ek nie dat Hy die beste weet nie.

Yes 42:21 Dit het יהוה behaag ter wille van Sy onpartydigheid en opregtheid om die wet groot, eerbaar en lofwaardig te maak.

Ps 19:8 Die wet van יהוה is volmaak: dit verfris die lewe; die getuienis van יהוה, wat die eenvoudiges wys maak, is vertrouenswaardig.

:9 Die opdragte van יהוה is reg, hulle verbly die verstand, wil en emosie; die bevele van יהוה is suiwer: dit verlig die oë.

Rom 7:12 Daarom is die geskrewe wet afgesonderd en die opdragte is afgesonderd, regverdig en goed.

:16 As ek enige iets doen wat ek nie wil nie, dan getuig ek dat die geskrewe wet goed is,
1 Tim 1:8 Ons weet dat die geskrewe wet goed is as iemand toelaat om volgens die geskrewe wet gelei te word

"Isn't it hypocrisy to pick out one or two and choose to just obey them?"

Absoluut - waarom kies jy dan net sekeres wat jy nakom of het jy almal verwerp. Nou is 'n goeie tyd om te besluit, anders val jy in die oordeel wat jyself sopas uitgespreek het.

Reg verstaan - kyk asb die DVD reeks oor die wet - is die ganse wet steeds geldig.

Niemand probeer Yeshua se kulturele gebruike naleef nie, maar Sy gehoorsaamheid aan die wette en opdragte van God. Dit is 'n leuen om God se opdragte as kulturele opdragte te sien vir 'n sekere tyd. Sy Karakter was juis om die wil van die Vader te doen.

Yog 5:30 Ek kan niks uit My eie wil doen nie. Volgens wat Ek gehoor het, beoordeel Ek en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My wil begeer nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

Daar teenoor is hulle wat nie Sy wil doen nie.

Yog 8:43-47 43 Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie. 44 Julle is van julle vader, die duiwel en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy was 'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, 45 maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. 46 Wie van julle oortuig My van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie? 47 Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie, omdat julle nie van God is nie."

Dit is verbasend dat mense wat uit "genade" gered is, steeds nie kan verstaan dat genade niemand red nie. Genade red jou nie. Deur Sy onverdiende guns is ons deur die bloed van Yeshua gered. Omdat ek gered is, kan ek nie meer die ou mens tevrede stel nie, maar het ek 'n stel standarde om volgens te leef. Dit is Sy wil. Ek stel Hom tevrede, nie my eie wil nie.

Yog 15:14 Julle is My vriende as julle alles sal doen wat Ek julle beveel. **Rom 8:8; 1 Yog 5:1-3**

As ek gered is en werklik die Gees van God in my het, sal ek daarna streef om Hom te gehoorsaam en nie verskonings te soek waarom ek dit nie hoef te doen nie. Dit gaan oor motief - JA - as ek dit doen om gesien te word, of om beter te wees, of om daardeur gered te word, dan is dit wetties DVD 2 - en nie Vader se wil nie. As ek egter uit gehoorsaamheid Sy wil doen, is dit Hy wat verheerlik word.

Pruitt se gevolgtrekking.

Ons moet alles volgens die Skrif toets. Wel ek stel voor dat al die Skrifte wat hier aangehaal word ook weer bestudeer word met Vader se Koninkryk in gedagte. Ek kom self deur die kerk-spektrum. Teologie eers in die Ned. Geref. kerk - daarna Baptiste en Pinkster Bybelskool Diplomas en baie jare in die Charismatiese kerk. Vader het ons juis teruggebring na Sy Woord en Wil. Sy Woord is maklik en die beste vir ons - sonder verskonings.

1 Yog 4:1 Julle, vir wie ons lief is, vertrou nie elke gees nie, maar onderskei die geeste of hulle vanuit God is, want baie vals profete het uitgegaan die wêreld in.

Ons moet die volle wil van God leef. Ons kan nie kies watter deel ons nie hoef te doen nie. Alles wat die Woord verklaar - dit is reg - maar dan moet ons sekermaak dit is Sy Woord. Ek gaan dieselfde verse aanhaal wat hy ter afsluiting aanhaal.

Gal 5 se eerste 3 verse gaan oor besnydenis in die vlees wat volledig in die DVD's behandel word
Vers. 4 As jy onskuldig verklaar wil word deur die wet, is jy afgesny van Die Gesalfde Een. Julle het weggeval van die onverdiende guns af,

Dis korrek - as jou verlossing die wet is en dit nie uit gehoorsaamheid is nie.

Pas op vir misleidende stellings.

Kom ons haal die hele gedeelte aan en kyk waarom dit gaan.

Rom 7:4 Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra, 5 want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, 6 maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. 7 **Wat sal ons daarom sê? Is die geskrewe wet sonde? 'n Verwerplike gedagte!** Ek sou nie weet wat is sonde anders as deur die wet nie, want ek sou ook nie begeerte geken het as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie." Eks 20:17, Deut 5:21 8 Die sonde het die geleentheid aangegryp deur die voorskrifte en in my allerhande begeertes gewerk, want sonder die wet was die sonde dood.

Die wet van die letter sonder die Gees is dood, want ek het gesterf aan die oorheersing van die wettiesheid in die wet. Deur Sy Gees is die wet egter vir my gegee as standaard - of hoereer jy - steel jy - gebruik jy Sy Naam verkeerdlik - breek jy Sy Shabbat. Wees eerlik - is iemand wat Sy wette breek, vir Hom aanvaarbaar?

Ek stel voor dat die volle reeks oor die wet - gratis verkrygbaar by gerrie@padwlewe.ch eers deurgewerk word om die omvang en waarskuwings oor die wet te verstaan. Sy Woord is oral die standaard.

Indien die Feeste en Shabbat vir jou 'n probleem is stel ek voor jy lees "Feeste van die Verbond" by dieselfde plek verkrygbaar. Al die materiaal is gratis.

Ek dink ons kan almal saamstem: Die listige natuur van vals leringe mislei baie.

Toets alles met die Woord van God alleen.

Gerrie C Coetzee
www.padwlewe.ch